# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (1/15)

*Justin Chadwick (23 Januarie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "We are running the most dangerous experiment in history right now, which is to see how much carbon dioxide the atmosphere can handle before there is an environmental catastrophe" Elon Musk***

## SITRUS SUMMIT 2015

Daar is geen twyfel dat 2015 'n moeilike jaar gaan wees nie – Suid-Afrika het sy posisie as die wêreld se tweede grootste sitrusuitvoerder bevestig en met die voortgesette groei in die sektor, is die grootste uitdaging om beskikbaarheid van markte vir die groeiende volumes te verseker. Dit teen die agtergrond van moeilike marktoestande met "protectionism" en nasionalisme wat regoor die wêreld toeneem. Die verswakkende Roebel het tot gevolg dat ingevoerde vrugte in Rusland duurder raak en nie meer bekostigbaar is vir baie van die kliënte nie – en met 12% van Suid-Afrikaanse sitrus wat na hierdie mark gaan is Rusland se ekonomiese probleme kommerwekkend, terwyl onnodige fitosanitêre struikelblokke voortgaan om uitvoere na die EU te beïnvloed. Teen hierdie agtergrond is dit selfs meer belangrik dat produsente die **Sitrus Summit wat vir 11 en 12 Maart 2015 by die Hans Merensky Hotel in Phalaborwa beplan word,** moet bywoon. Die Summit sal op CGA se strategiese plan om hierdie uitdagings die hoof te bied en 'n volhoubare en mededingende sitrussektor in suider Afrika te verseker, fokus. Die Summit is uitsluitlik vir produsente en genooide gaste – dit sal in-diepte kyk na wat ons doen om kompeterend te bly. Die belangrikste besigheidsbesluit wat 'n produsent in 2015 kan maak is om die Summit by te woon!!!

Ons het 'n uitstekende program saamgestel om te verseker dat alle afgevaardigdes goed ingelig sal word. CGA se verteenwoordigers in Rusland (**Mikhail Fateev**), Brussels (**Rocco Renaldi**) en VSA (**Bruce McEvoy**) sal dit bywoon en eerstehandse inligting verskaf oor die nuutste met betrekking tot die Russiese ekonomie en vrugte-invoere, EU se fitosanitêre wetgewing en moontlike opening van die VSA mark. Daarbenewens sal die CGA Groep (CRI, CGACC, RB en Citrus Academy) se personeel afgevaardigdes oor hul aktiwiteite inlig. Die aanbiedeninge sal kort en tot die punt wees – daar sal nie breedvoerig oor die verskillende aspekte van CGA se werk berig word nie, maar die strategiese doel agter al ons werksaamhede sal beklemtoon word. Daar sal ook hoofsprekers wees – besonderhede sal bekend gemaak word sodra hul bevestig het.

Ons besef dat om tot by die plek te kom soos 'n groot trek vir baie produsente is – veral diegene in die Kaap. Daarom is daar 'n paar ander dinge ook gereël om die reis die moeite werd te maak:

- Op Dinsdag 10 Maart sal 'n **golfdag** gehou word by die wêreldbekende Hans Merensky golfbaan. Dit word deur Fanie Meyer (082-8559949) gereël en is 'n moet vir diegene wat daarvan hou om op die beste bane gholf te speel.
- Op Dinsdag 10 Maart en Vrydag 13 Maart gaan MC Pretorius (082 3389853) "**field trips**" reël na Hoedspruit en Letsitele. Dieselfde program sal beide dae gevolg volg – dus kan gholfspelers Vrydag se velddag bywoon terwyl ander afgevaardigdes die Dinsdag se velddag kan bywoon en die Kruger Park op Vrydag besoek.
- 'n Program vir die metgeselle word ook gereël om families aan te moedig om by te woon.


Daar sal 'n **gala ete** op Woensdag 11 Maart wees waar CGA erkenning gaan gee aan diegene wat 'n rol in die ontwikkeling van die produsente assosiasie gespeel het, asook in die bevordering van die situsbedryf in suider-Afrika as 'n geheel; erkenning sal ook aan produsente gegee word wat oor die laaste paar jare toekennings/pryse ontvang het.

Dit is die eerste keer dat suider-Afrika se produsente in groot getalle na deregulering in 1997 gaan vergader – registreer nou by http://dev.cga.co.za/summit/index.php

**STANDARD BANK** is aan boord as die hoofborg – baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning aan landbou in die algemeen en spesifiek aan die sitrusbedryf.

## DALING IN DIE OLIEPRYS

Op die positiewe kant moet die afname in die olieprys 'n impak op vervoerkostes hê – dit het reeds 'n afname in die VPI hierdie week tot gevolg gehad (van 5.6% na 5.3%).




**SITRUSPRODUSENTE IN SUIDER-AFRIKA HET BELÊ IN HUL TOEKOMS DEUR DIE STIGTING EN VOORTGESETTE BEFONDSING VAN DIE CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY**